

16 Julie

**Skrifgedeelte: Psalm 18:31-50 (OAV)
Fokusgedeelte: Psalm 18:31-34**

God is 'n skild vir almal wat by Hom skuil!

Die tweede deel van Psalm 18 handel oor God wat verhewe bo alles en almal is. Sy weg (= die Here se manier van doen, ook met my) is volmaak. Sy woord is suiwer, sonder foute, vlekke of rimpels.

Daar is geen God behalwe die Here nie. 'n God is iemand wat bo die hele skepping uittroon en verhewe is. Slegs die Here is hierdie God. Die Hebreeus vir Here is "Jahwe". Volgens Eks 3:14 beteken "Jahwe": "Ek is wat Ek is". Dit beteken dat God van Homself sê dat Hy getrou en nie wispelturig of impulsief is nie. Hy verander nie soos winde verander nie. Omdat God dan só is, is sy weg volmaak en sy woord sonder foute.

Dit is hierdie Here wat ons skild is. 'n Skild is 'n apparaat waarmee mens iets afweer of keer dat dit jou dood. Dit is 'n skerm waaragter jy kan wegkruip. Dit beskerm jou teen die aanslae van die vyand. Wanneer 'n mens 'n skild het, kan jy met meer selfvertroue die vyand tegemoet gaan. "Ook het U my die skild van u uitredding gegee, en u regterhand het my ondersteun, en u neerbuigende goedheid het my groot gemaak" (vers 36). Daarom kon Dawid sy vyande agtervolg en inhaal. "Jahwe" is ons skild agter Wie ons kan skuil.

Vir wie is Hy 'n skild? Vir almal wat na Hom toe gaan vir skuiling teen al die aanslae van die lewe. Vir diegene wat Hom as hulle toevlug beskou. Vir almal wat sy liefde met wederliefde beantwoord. Vir almal wat sy weldade met dankbaarheid uit sy hand neem.

Ons Here Jesus Christus sê: "Kom almal na My toe wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee" (Matt 11:28). Diegene wat met hulle laste agter die skild van God se Seun wegkruip, sal ervaar dat "Jahwe" hulle "voete soos dié van herte" maak sodat hulle bestendig teen skuinstes kan uitklim.

Sing: Psalm 18:14,15

Ds AH Stavast (Mosselbaai)